

**UNIVERSITEIT VAN DIE
VRYSTAAT**

**JAARBOEK
2013**

**FAKULTEIT
GEESTESWETENSKAPPE**

**LETTERE EN SOSIALE WETENSKAPPE
VOORGRAADSE PROGRAMME**

Dekaan: Prof. L.J.S. Botes
Flippie Groenewoudgebou 106
Telefoonnommer: 051 4012240
Faks: 051 4445803



RIG NAVRAE AAN:

Korrespondensie met betrekking tot akademiese aangeleenthede moet gerig word aan:

Fakulteitsbestuurder
Universiteit van die Vrystaat
Fakulteit Geesteswetenskappe
Posbus 339
BLOEMFONTEIN
9300

Telefoon: 051 4012369
Faks: 051 4445803
e-pos: coetseem@ufs.ac.za



JAARBOEK

FAKULTEITE

Geesteswetenskappe

Regsgeleerdheid

Landbou en Natuurwetenskappe

Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

Opvoedkunde

Gesondheidwetenskappe

Teologie

Let wel:

Eksemplare van die afsonderlike dele van die Jaarboek waarby die Algemene Jaarboek inbegrepe is, is op aanvraag verkrygbaar by die Registrateur Akademiese Studentedienste.

INHOUD

Akademie Personeel	5
Kontakbesonderhede	8
Algemene Inligting	9
Algemene Universiteitsregulasies	9
Fakulteitsregulasies	9
Algemene toelatingsvereistes vir die Fakulteit	9
Assessering: Toetse	10
Eksamen	10
Roosterbotsings	11
Baccalareusgrade, voorgraadse diplomas en sertifikate	11
Omskrywing van die terme kursusse, modules, kodes en krediete	12
Die volgorde waarin modules voltooi mag word	12
Kursus- en kodewysigings; herregistrasie onder die nuwe kursusstelsel	12
Regulasies vir oorskakeling van 8 krediet modules na 16 krediet modules	13
UFS101	13
Kwalifikasies toegeken in die Fakulteit Geesteswetenskappe	16

BA Program

BA	18
BA-Vierjaarkurrikulum	37
BA (Bestuur)	56
BA (Geografie en Omgewingsbestuur)	65
BA (Taalpraktyk)	72

Program vir die Kunste

Drama en Teaterkuns

BA (Drama en Teaterkuns)	76
--------------------------------	----

Beeldende Kunste

BA (Beeldende Kunste)	82
Diploma in Beeldende Kunste	88

Musiek

BMus	93
BA (Musiek)	104
Diploma in Musiek	109
Diploma in Koorleiding	113

Program vir die Kommunikasieprofessies

BA Kommunikasiekunde met spesialisering in Korporatiewe en Bemakingskommunikasie	116
BA Kommunikasiekunde met spesialisering in Mediastudie en Joernalistiek	120

Program in Regeerkunde en Politieke Transformasie

BA (Regeerkunde en Politieke Transformasie)	129
---	-----

Program vir Menslike Bewegingskunde

BA (Menslike Bewegingskunde)	133
------------------------------------	-----

Program in Professionele Sielkunde

BPsig	141
-------------	-----

Program in Mens- en Samelewingsdinamika

BSocSc (Mens- en Samelewingsdinamika)	142
BSocSc (Mens- en Samelewingsdinamika)-Vierjaarkurrikulum	150

Program vir Maatskaplikediensberoepe

Baccalaureus in Maatskaplike Werk	162
---	-----

Voorvereistes vir modules	166
---------------------------------	-----

AKADEMIESE PERSONEEL

* Dui departementshoof / departementele voorsitter aan

Dekaan

Prof. L.J.S. Botes

Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans

*Prof. H.P. van Coller, Prof. N. Morgan (Frans), Prof. A. van Niekerk, , Dr. J.P.C. van den Berg (Duits), Dr. A. van Jaarsveld, Dr. M. Human-Nel, Mnr. S.E. Thebele, Me. M.A. Marcinkowski (Frans), Me. I. Smuts (Duits), Me. C. Swart, Mnr. B. Senekal, Me. E. Bernard

Afrikatale

*Prof. M.A. Moleleki, Dr. E.N. Maletse, Dr. E. Mohatlane, Dr. A.S. Motsei, Mnr. B.D. Letlala, Me. M.A. Dladla, Me. M.S. Mensele

Antropologie

*Prof. P.A. Erasmus, Dr. P. Esterhuyse, Mnr. J. Serekoane, Me. S. du Plooy

Beeldende Kunste

*Mnr. B. Botma, Me. J. Allen-Spies, Me C.I. von Solms

Drama- en Teaterkuns

*Prof. N.J. Luwes, Prof. C. Dumas, Dr. P.A. Venter, Mnr. D.B. Cloete, Mnr. T. Heydenrych, Mnr. G.M. Manenye, Me. K. Lekalake

Eenheid vir Professionele Opleiding en Dienslewering in die Gedragswetenskappe (EPOG)

*Prof. A.A. Grobler, Dr. S.P. Walker

Engels

Prof. M.M. Raftery, Prof. H.J. Strauss, Dr. S.I. Brokensha, Dr. M. Brooks, Dr. S.T. Modesto, Dr. N. Nyika, Dr. G. Samiselo, Mnr. M.S. Conradie, Mnr. S.S. Maqubu, Mnr. Z.M. Msimanga, Mnr. B. Naidoo, Me. C.A. Els, Me. J.G. Henning, Me. M.M.G. Lovisa, Me. N. Mafisa

Filosofie

*Prof. P.N.J. Duvenage, Prof. P.J. Visagie, Me. H.M. Cawood, Mnr. J.H. Rossouw

Geskiedenis

*Prof. A. Wessels, Dr. M.M. Oelofse, Dr. J. S. Rademeyer, Dr. J-A. Stemmet, Dr. C.M. Twala, Mnr. B.H. Kompf

Klassieke en Nabye Oosterse Studie

*Prof. J.C. Zietsman, Prof. C.L. Miller-Naudé, Prof. J.A. Naudé, Me. A. Machin

Kommunikasiewetenskap

*Prof. J.C. de Wet, Dr. M. Krige, Dr. D. Mulder, Me. E.J.S. Coetzee, Me. E. Engelbrecht, Me. E. Lombard, Me. W. Marais, Me. M.E. Linström, Me. L. De Lange

Kriminologie

* Me. H. Foster, Mnr. A.W. Calitz, Me. L. Coetzee, Mnr A.R. Phillips

Kunsgeskiedenis

*Prof. E.S. Human

Linguistiek en Taalpraktyk

*Prof. L.T. du Plessis, Prof. A. Weideman, Dr. J. Marais, Dr. M.M. Mwaniki, Me. X. du Toit, Me. M. Kriel, Ms M van Rooyen

Maatskaplike Werk

*Dr. R.P. Reyneke, Dr. A.E. Böning, Dr. S.B. Ferreira, Dr. A.C.S. Keet, Prof. A. Faul, Mnr. C. van Wyk, Me. M.C. Esau, Me C. Gaitskill

Odeion Skool vir Musiek

*Prof. N.G.J. Viljoen, Prof. G.F. Barz, Prof. M. Viljoen, Dr F.M.A de Villiers, Dr. P. Loeb van Zuilenburg, Mnr. J.N. Beukes Mnr. D.J. Cilliers, Me. S. de Kock, Mnr. H.H. Huyssen, Me. K.B. Malan, Me. J-L. Moolman, Mnr. L.J. Phillip, Me. G.G. Pretorius, Me. M. Thom Wium, Me. A. van der Westhuizen, Mnr. P. van Heerden

Oefen- en Sportwetenskappe

*Prof. H.J. Bloemhoff, Dr. M.W. Brüssow, Dr. F.F. Coetzee, Dr. M.C. Opperman, Mnr. R. Schoeman, Me. B.A. Coetzee, Me. M. de Milander, Me. A. Buys, Mnr. M. Nicholls

Politieke Studie en Regeerkunde

*Prof. T.G. Neethling, Prof. H. Solomon, Dr. A. Amtaika, Mnr. E. Coetzee, Mnr. M.S. Mthombeni, Mnr. P.A. Schoeman, Mnr. A. van Zyl, Me. M.P. Choane

*Dr. T. Coetzee (Program in Regeerkunde en Politieke Transformasie)

Sentrum vir Afrikastudie

*Prof. H. Hudson, Dr. S. Cawood

Sentrum vir Gesondheidssteemnavorsing & Ontwikkeling

*Prof. J.C. Heunis, Dr. M.C. Engelbrecht, Dr. N.G. Kigozi, Dr. A.H.M. Rau, Me. N. Jacobs, Me. E. Janse van Rensburg-Bonthuyzen, Mr. A.P. Janse van Rensburg

Sielkunde

*Prof. K.G.F. Esterhuyse, Prof. J.P. Fouché, Dr. A.A. George, Dr. P. Naidoo, Dr. L. Naudé, Dr. L. Nel, Dr. R. van der Watt, Dr. F.N. Tadi, Me. A. Botha, Me. S. Burger, Me. K. de Villiers, Me. A. Khanye, Me. I. Kruger, Mnr. M.A. Malebo, Me. A. Potgieter, Me. A. Sharp, Mnr. H. Taylor, Me. M. van Dijk

Sosiologie

*Dr. S.Z. Matebesi, Prof. J.K. Coetzee, Prof. A.J. Pelser, Dr. E.J. Crause, Dr. K. de Wet, Dr. N. Redelinghuys, Mnr. G. Magaiza, Mnr. K.D. Nena, Me. L. Ackermann, Me. N.L. Velelo

Suid-Afrikaanse Gebaretaal

*Dr. P.A.O. Akach

KONTAKBESONDERHEDE

(PROGRAMDIREKTEURE)

BA-studierigtings

Dr. P. Esterhuyse

Telefoon: 051 4013228

e-pos: esterhp@ufs.ac.za

Beeldende Kunste

Mnr. B. Botma

Telefoon: 051 4012282

e-pos: botmab@ufs.ac.za

Drama- en Teaterkuns

Dr. P.A. Venter

Telefoon: 051 4012392

e-pos: venterp@ufs.ac.za

Geografie en Omgewingsbestuur

Me. E. Kruger

Telefoon: 051 4012185

e-pos: krugere@ufs.ac.za

Kommunikasieprofessies

Dr. D. Mulder

Telefoon: 051 4012975

e-pos: mulderd@ufs.ac.za

Maatskaplikediensberoep

Dr. A.E. Böning

Telefoon: 051 4013328

e-pos: boninga@ufs.ac.za

Menslike Bewegingskunde

Me. B. Coetzee

Telefoon: 051 401 3540

e-pos: austinba@ufs.ac.za

Musiek

Prof. M. Viljoen

Telefoon: 051 4012493

e-pos: viljoenm@ufs.ac.za

Regeerkunde en Politieke Transformasie

Dr. T. Coetzee

Telefoon: 051 4012628

e-pos: coetzeet@ufs.ac.za

Mens- en Samelewingsdinamika

Me. S.L. Langerman

Telefoon: 051 4013269

e-pos: langermansl@ufs.ac.za

Taalpraktyk

Me. M. Kriel

Telefoon: 051 4019759

e-pos: krielm@ufs.ac.za

Professionele Sielkunde

Me. A.A. Sharp

Telefoon: 051 4012188

e-pos: sharpaa@ufs.ac.za

1. ALGEMENE INLIGTING

L.W.: Dit is belangrik dat studente op hoogte moet wees van die algemene regulasies, sowel as die fakulteitsregulasies wat betrekking het op hul graad- en of diplomaprogramme.

1.1 Algemene regulasies van die Universiteit

Die algemene regulasies van die Universiteit wat op alle studente en fakulteite van toepassing is, word in die Jaarboek "Algemeen" van die Universiteit uiteengesit en handel onder meer oor die volgende sake:

- die vereistes waaraan studente moet voldoen om toelating tot die Universiteit te verkry.
- hoe om vir 'n kursus te registreer. (Hierdie regulasies bevat inligting oor kursuswysigings, gelyktydige registrasie, erkenning van vakke/modules aan 'n ander tersiêre instelling geslaag.)
- slaagvereistes van kursusse; toekenning van onderskeidings of 'n graad met lof. (Hierdie regulasies bevat die reëls en besonderhede oor toetse, eksamens en spesiale eksamens, reëls oor puntetoekenning, reëls met betrekking tot die verkeerd lees van die eksamenrooster en reëls oor die hertoelating en stuiting van studente.)

1.2 Fakulteitsregulasies

Die Fakulteitsregulasies het spesifiek betrekking op die graad- en diplomaprogramme binne die Fakulteit Geesteswetenskappe en word in hierdie boek uiteengesit.

1.3 Algemene toelatingsvereistes vir die Fakulteit

In die reël mag studente wat aan die Universiteit se toelatingsvereistes voldoen, toelating tot die Fakulteit Geesteswetenskappe verkry. Sommige graad-, diploma- en sertifikaatkursusse wat deur die Fakulteit Geesteswetenskappe aangebied word, vereis dat studente benewens die algemene toelatingsvereistes, ook aan bykomende vereistes moet voldoen. Studente moet kennis neem van die toelatingsvereistes vir die verskillende graad- en diplomaprogramme soos hieronder uiteengesit.

Alle voornemende studente, wat vir 'n voorgraadse program aan die Universiteit van die Vrystaat wil inskryf, moet die Nasionale Normtoetse (NNT) skryf. NNT-uitslae sal tydens die registrasieproses nageslaan word.

Studente wat die Universiteits- Voorbereidingsprogram (UVP) suksesvol voltooi het, en hul studies in die Fakulteit wil voortsit, sal tot die tweede studiejaar van die Verlengde Program (4-jaarkurrikulum) toegelaat word.

1.4 Assessering: Toetse

Elke module word deur middel van "deurlopende" en "eindassessering" of summatiewe assessering geassesseer. Dit behels dat studente oor 'n gedeelte van die module tydens die module-termyn (deurlopende assessering) geassesseer word en oor die module as geheel aan die einde van die kursus (eindassessering).

Alhoewel alle modules deurlopend en aan die einde geassesseer word, verskil die wyse waarop verskillende modules geassesseer word. Studente moet die modulehandleiding van elke module noukeurig deurlees om te wete te kom hoe daardie module geassesseer sal word.

1.5 Eksamen

Waar die promoveringstelsel nie geld nie en indien 'n student 'n modulepunt van minder as 70% behaal, moet die student die eksamen vir die betrokke module skryf. Ten einde die module te slaag moet die student 'n gesamentlike punt (met ander woorde die modulepunt gekombineer met die eksamenpunt) van minstens 50% verwerf met 'n eksamenpunt van minstens 40%. Hierdie punt is die **finale punt**.

Toelating tot eksamens: Alle student moet 'n minimum semester-/modulepunt van 40% verwerf om toelating tot die finale module eksamen te verkry. 'n Student sal toelating tot die eksamen geweier word indien hy/sy nie die vereiste minimum punt van 40% vir die betrokke module behaal het nie.

Promovering: In sommige modules sal studente wat 'n modulepunt van 70% en meer behaal, gepromoveer word, en sal dus nie nodig hê om die eksamen af te lê nie. Dit geld nie vir uitreevlakmodules, waar eksamens geskryf moet word, nie, en ook nie waar dit in die modulegids gestel word dat promovering nie sal geld nie. Studente wat kan promoveer, maar wat tog wil deelneem aan die eksamen, mag dit doen, in welke geval die EKSAMENPUNT die finale punt sal wees.

Die **Hoof Halfjaareksamen** en die **Hoof Jaareind-eksamen** is verpligtend in ooreenstemming met die Algemene Institusionele Reëls en Regulasies van die UV en die fakulteitsreëls, vir alle studente wat nie gepromoveer kan word nie. Studente sal slegs die relevante Bykomende Halfjaar-eksamen en Bykomende Jaareind-eksamen kan skryf, nadat toestemming op 'n skriftelike aansoek daarvoor verleen is, en wel volgens die **gepubliseerde rooster** vir die relevante bykomende eksamen. Studente wat vir herassessering of spesiale eksamens kwalifiseer is hiervan uitgesluit. Aansoek vir bykomende eksamens is van toepassing vir geregistreerde UV-studente, wat:

- eksamenroosterprobleme ondervind weens registrasie vir modules in meer as een fakulteit en oor meer as een akademiese jaar;

- verkies om hul reg uit te oefen volgens Algemene Reël A17 om hul punte, wat tydens die voorafgaande hoofeksamen verwerf is, te verbeter; en/of
- **onvoorsiene en dwingende omstandighede** onmiddellik voor of gedurende die voorafgaande verpligte Hoofeksamen ervaar het.

'n Kwalifikasie word slegs aan 'n student toegeken wanneer al die modules suksesvol voltooi is. Uitstaande modules moet volgens die bepalings van 1.1 herhaal word.

Studente slaag 'n module met onderskeiding indien die **finale punt** (modulepunt of gesamentlike punt) 75% of meer is.

1.6 Roosterbotsings

Die verantwoordelikheid berus by die student om sy/haar eie kurrikulum op so 'n wyse saam te stel dat geen botsings ten opsigte van die eksamen- of klas- en kamerrooster voorkom nie.

2. BACCALAUREUSGRADE, VOORGRAADSE DIPLOMAS EN SERTIFIKATE

2.1 Studente kan hul eerste kwalifikasie behaal in een van die volgende hoofgroepeerings:

1. Lettere en Wysbegeerte
2. Kunste
3. Sosiale Wetenskappe

Hierdie drie hoof rigtings bied 'n verskeidenheid eerste baccalaureusgrade, diplomas en sertifikate wat in die Inhoudsopgawe van hierdie Jaarboek aangedui word. (Raadpleeg die Jaarboek Geesteswetenskappe vir Nagraadse Studies vir meer inligting oor nagraadse kursusse binne hierdie drie hoof rigtings.)

Die graadkursusse binne die Fakulteit Geesteswetenskappe is meestal die Baccalaureuskursusse in Kuns en Lettere (BA) (geneem uit die Latyn, Baccalaureus Artium) of Baccalaureuskursusse in Sosiale Wetenskappe (BSocSc) (geneem uit die Latyn, Baccalaureus Societatis Scientiae) en neem minstens drie jaar om te voltooi. In uitsonderlike gevalle het 'n graadkursus 'n ander benaming as Baccalaureus Artium of Baccalaureus Societatis Scientiae en kan die kursuslengte van die voorgeskrewe drie jaar verskil. Indien die naam of die lengte van die kursus verskil, word dit duidelik aangedui.

2.2 Omskrywing van die terme vakke, modules, kodes en krediete

Die drie hoof onderrigprogramme van die Fakulteit Geesteswetenskappe bied die student 'n verskeidenheid vakke. Die student se keuses word egter binne elke graad-, diploma- of sertifikaatprogram beperk, sodat die student op spesifieke vakke kan fokus. Byvoorbeeld: Die BA (omvattendste van die Baccalaureus-graadprogramme) vereis ten minste twee hoofvakke. Die student moet hierdie vakke tydens al drie studiejare neem. Die student moet ook vir addisionele vakke inskryf wat vir een of twee jaar geneem moet word.

Elke vak bestaan uit "modules" wat min of meer selfstandige komponente van die vak is. Filosofie is 'n voorbeeld van so 'n vak met die volgende vier eerstejaarsmodules: "Inleiding tot Filosofie en wêreldbeskouing"; "Die struktuur van die ervarings-werklikheid"; "Filosofiese Antropologie" en "Waarde paradigmas en mediese etiek". Hierdie vier modules vorm die eerstejaarsvak van Filosofie.

Aan elke module word 'n kode toegeken wat sekere belangrike inligting aandui. Die voorbeeld van **Filosofie** tydens die eerste jaar verwys: **WYS114** is die kode vir die module "Inleiding tot filosofie, wêreldbeskouing-interpretasie en etiese besluitneming". Die vak word aangedui deur **WYS**, wat verwys na **Filosofie**. Die eerste syfer van die getal (met ander woorde die eerste **1**) verwys na die studiejaar: dit is dus 'n eerstejaarsmodule. Die tweede syfer (met ander woorde die tweede **1**) verwys na die semester: ongelyke getalle verwys na die eerste semester en gelyke getalle na die tweede semester. **WYS124** is byvoorbeeld 'n tweede semestermodule. Die laaste syfer verwys na die aantal krediete van die module: vermenigvuldig die laaste syfer, met vier, om 16 te kry: **WYS114** bestaan uit **16** krediete.

Dit is die student se verantwoordelikheid om op hoogte te wees van die aantal krediete waaruit elke module bestaan, aangesien elke vak se slaagsyfer afhang van 'n sekere aantal krediete.

2.3 Die volgorde waarin modules voltooi mag word

Die vereistes om modules te neem word in die Algemene Regulasies (Reg. A8) uiteengesit. In die reël kry studente slegs toelating tot latere modules indien die voorafgaande modules suksesvol geslaag is, tensy die betrokke Departement dit anders bepaal.

2.4 Kursus- en kodewysigings; herregistrasie onder die nuwe kursusstelsel

Studente wat geregistreer is vir grade of diplomas wat nie meer in die Jaarboek Geesteswetenskappe verskyn nie, kan steeds die kursusse onder normale omstandighede, volgens die Jaarboek wat geldig was in die jaar van hul registrasie, voltooi, mits hul residensie nie oorskry word nie.

Studente wat voor die kursuswysigings geregistreer het kan oorsakel na enige van die nuwe graad- of diplomaprogramme soos in hierdie Jaarboek vervat, mits hul aan die betrokke kwalifikasie se minimum toelatingsvereistes voldoen. Studente wat hul registrasie wil wysig moet die betrokke programdirekteur spreek oor krediete wat reeds behaal is en watter addisionele kursusse ter voltooiing van die program, geneem moet word.

2.5 Regulasies vir oorskakeling van 8 krediet modules na 16 krediet modules

Studente moet daarop let dat die onderstaande lys van modules oorspronklik **8 krediet modules** was wat nou vermeerder is na **16 krediet modules**. Die nuwe 16 krediet modules se kodes word onder die hofie "**Nuwe kodes**" gelys. Indien studente 8 krediet modules herhaal word hulle slegs toegelaat om dit die daaropvolgende jaar te doen. Indien meer as een jaar verstryk voordat 'n student die module herhaal, moet die student vir die toepaslike 16 krediet module registreer.

2.6 UFS101

Die module UFS101 is verpligtend vir alle studente wat vir 'n eerste graad- of diplomakwalifikasie registreer. Hoofstroomstudente (diegene in 'n program wat ontwerp is vir voltooiing binne die minimum vasgestelde tydperk) registreer in die eerste studiejaar vir UFS101. Hoofstroomstudentstatus word deur die toepaslike TP-telling bepaal. Studente in die verlengde program en diplomastudente registreer in die tweede studiejaar vir UFS101.

Studente wat vir UFS101 geregistreer is, moet voldoen aan die minimum bywoningsvereistes soos deur die Senaat goedgekeur. Die UFS101-sertifikaat word uitgereik aan studente wat die module suksesvol voltooi. Hierdie sertifikaat is 'n voorvereiste vir die suksesvolle voltooiing van 'n graad of diploma aan die Universiteit van die Vrystaat.

Studente wat UFS101 suksesvol voltooi, verdien 'n bykomende 16 krediete vir die kwalifikasie waarvoor hulle geregistreer is.

Suid-Afrikaanse Gebaretaal

Ou kodes	Nuwe kodes	Infasering
GBT112	GBT114	2011
GBT132	GBT114	
GBT122	GBT124	
GBT142	GBT124	
GBT212	GBT214	2012
GBT232	GBT214	
GBT222	GBT224	
GBT242	GBT224	
GBT312	GBT314	2013
GBT332	GBT314	
GBT322	GBT324	
GBT342	GBT324	

Handtering van studente wat 'n ou 8-krediet module drui in die laaste bestaansjaar van die module.

Die nuwe 16-krediet modules word chronologies vanaf 2011 tot 2013 infaseer, soos aangedui in bostaande tabel. Tweede jaar studente wat 'n ou 8-krediet module moet herhaal, sal nie toegelaat word om dit in die daaropvolgende jaar te doen nie, aangesien die eerste semester modules 'n voorvereiste is vir die tweede semester module. Teen die tyd dat die student gereed is om voort te gaan met die tweede semester van die tweede jaar en die derde jaar, sal die infasering van die nuwe modules voltooi wees..

Hebreeus

Ou kodes	Nuwe kodes	Infaseer
HEB108	HEB114	2013
HEB108	HEB124	
HEB308	HEB354	
HEB308	HEB364	

Inligtingkunde

Inligtingkunde faseer vanaf 2013 as volg uit die kurrikulums:

Kode	Laaste jaar waarin aangebied word
ILK114	2013 – slegs studente wat dit herhaal in 2013. Geen nuwe registrasies.
ILK124	
ILK214	2014 – slegs studente wat dit herhaal in 2014. Geen nuwe registrasies.
ILK224	
ILK314	2015 – slegs studente wat dit herhaal in 2015. Geen nuwe registrasies.
ILK324	

Kunsgeskiedenis en Visuele Kultuurstudie

Ou kodes	Nuwe kodes	Infaseer
KGK104	KGK114	2013
KWS104	KWS124	

Menslike Bewegingskunde

Die modules wat gewysig word van 8 na 16 moet in 2011 geïmplementeer word.

Ou kodes	Nuwe kodes	Infaseer
KIN112	KIN114 (deel 1)	2011
KIN132	KIN114 (deel 2)	
MBW122	KIN124 (deel 1)	
MBW142	KIN124 (deel 2)	
MBW212	MBW214 (deel 1)	2012
MBW232	MBW214 (deel 2)	

Indien studente 8-krediet modules herhaal word hulle slegs toegelaat om dit die daaropvolgende jaar te doen.

2.7 Die volgende kwalifikasies kan in hierdie Fakulteit behaal word:

Lettere en Wysbegeerte

EERSTE BACCALAUREUSGRADE

	Minimum tydperk van studie	Afkorting	Studiekode
Baccalaureus Artium	3 jaar	BA	1300
Baccalaureus Artium- Vierjaarkurrikulum	4 jaar	BA- Vierjaarkurrikulum	1395
Baccalaureus Artium (Bestuur)	3 jaar	BA (Bestuur)	1391
*Baccalaureus Artium (Ekonomie)	3 jaar	BA (Ekonomie)	1326

*Die huidige BA (Ekonomie) faseer uit vanaf 2013. Geen nuwe studente mag vir hierdie kwalifikasie vanaf 2013 registreer nie.

Baccalaureus Artium (Menslike Bewegingskunde)	3 jaar	BA (Menslike Bewegingskunde)	1304
Baccalaureus Artium (Geografie en Omgewingsbestuur)	3 jaar	BA(Geografie en Omgewingsbestuur)	1303
Baccalaureus Artium (Kommunikasiekunde): Korporatiewe en Bemarkingskommunikasie	3 jaar	BA (Kommunikasiekunde): Korporatiewe en Bemarkingskommunikasie	1361
Baccalaureus Artium (Kommunikasiekunde): Mediastudie en Joernalistiek	3 jaar	BA (Kommunikasiekunde): Mediastudie en Joernalistiek	1362
Baccalaureus Artium (Regeerkunde en Politieke Transformasie)	3 jaar	BA (Regeerkunde en Politieke Transformasie)	1315
Baccalaureus Artium (Taalpraktyk)	3 jaar	BA (Taalpraktyk)	
(i) Algemeen	3 jaar	(i) Algemeen	1323
*Baccalaureus Artium (Taalstudie)	3 jaar	BA (Taalstudie)	1321

* Die huidige BA (Taalstudie) faseer uit vanaf 2013. Geen nuwe studente mag vir hierdie kwalifikasie vanaf 2013 registreer nie.

Kunste

EERSTE BACCALAUREUSGRADE

Minimum tydperk van studie	Afkorting	Studiekode
Baccalaureus Artium (Beeldende Kunste) 4 jaar	BA (Beeldende Kunste)	1380
Baccalaureus Artium (Drama- en Teaterkuns) 3 jaar	BA (Drama- en Teaterkuns)	1311
Baccalaureus Artium (Musiek) 3 jaar	BA (Musiek)	1330
*Baccalaureus Musicae 4 jaar	BMus.	1342

*Die nuwe aangepaste BMus waarvoor studente vanaf 2010 kan registreer.

Kunste

EERSTE DIPLOMAS

Minimum tydperk van studie	Afkorting	Studiekode
Diploma in Beeldende Kunste 3 jaar	DBK	1090
Diploma in Musiek 2 jaar	DM	1011

Sosiale Wetenskappe

BACCALAUREUSGRADE

Minimum tydperk van studie	Afkorting	Studiekode
Baccalaureus Societatis Scientiae (Mens- en Samelewingsdinamika) 3 jaar	BSocSc (MSD)	2302
Baccalaureus Societatis Scientiae (Mens- en Samelewingsdinamika)- Vierjaarkurrikulum 4 jaar	BSocSc (MSD)- Vierjaarkurrikulum	2303
Baccalaureus in Maatskaplike Werk 4 jaar	B. in Maatskaplike Werk	2330

BA PROGRAM

BACCALAUREUS ARTIUM

Kwalifikasie	Min. Studie periode	Afkorting	Studiekode	Uittreevlak
Baccalaureus Artium	3 jaar	BA	1300	NKR 7
Krediete:				
Kurrikulum:				376
Verpligte inleidende module – UFS101:				16
Verpligte module in Rekenaargeletterdheid – BRS111				4
Totale krediete:				396

1. LOOPBAANGELEENTHEDE

Die Baccalaureus Artium-graad is 'n algemeen vormende program en is veral van waarde vir loopbane waar 'n kultureel-ontwikkelde perspektief van belang is. Hierdie program bied ook aan studente wat in 'n spesifieke dissipline wil spesialiseer waardevolle agtergrondkennis en geesteswetenskaplike vorming wat hom/haar in staat stel om leiding in die arbeidsmark te kan neem.

2. TOELATINGSVEREISTES

Die nuwe Nasionale Senior Sertifikaat geslaag het met 'n minimum toelatingspunt (TP) van 30 en onderrigtaal van keuse (Afrikaans of Engels) met minimum prestasievlak 4 (50%).

OF

Moet 'n student in besit wees van 'n geëndosseerde Senior Sertifikaat en 'n M-telling van 30 punte;

Studente wat van voorneme is om vir enige module in Ekonomie, Geografie of Wiskunde in te skryf moes Wiskunde Graad 12 Prestasievlak 4 (50%) geslaag het.

Regulasie vir die departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans asook progressiemoontlikhede van AFR

Regulasies vir AFN en AFR-registrasies vir 2013

- (1) Studente wat Afrikaans as Eerstetaal op skool geslaag het, mag slegs vir AFN114 en AFN124 registreer.
- (2) Studente wat 'n C-simbool of hoër behaal het in Afrikaans as Eerste Addisionele Taal (Tweede Taal) mag vir AFN114 en AFN124 OF vir AFR214 en AFR224 registreer.
- (3) Slegs studente wat 'n laer simbool as 'n C-simbool behaal het vir Afrikaans as Eerste Addisionele Taal (Tweede Taal) OF studente wat Afrikaans as Tweede Addisionele Taal (Vreemde Taal) op skool geslaag het, kan vir AFR114 en AFR124 registreer.

AFR word nie as 'n hoofvak aangebied in die afdeling Afrikaans en Nederlands nie. Progressie is slegs op die volgende manier moontlik:

Leerders wat bo 60% in AFR 314/324 (Niemoedertaalkursusse) behaal het en wil voortgaan met Afrikaans, kan registreer vir AFN224 (NKR-vlak 6) (Moedertaalkursus) om die volgende progressie moontlik te maak: AFN224 na AFN314 (NKR-vlak 7) na AFN324 (NKR-vlak 7); (Honneurs in Afrikaans en Nederlands (NKR-vlak 8); Meesters (NKR-vlak 9) en P.hD.

3. KURRIKULUM

Die kurrikulum word saamgestel uit die volgende (396 krediete in totaal oor 'n periode van 3 jaar):

- (1) Verpligte vaardigheidsmodules (24 krediete).
- (2) Fundamentele modules: Twee verpligte kultuurvakke ('n totaal van 16 krediete in elke vak $2 \times 16 = 32$ krediete).
- (3) Fundamentele modules: n Keuse van een verpligte taalvak ('n totaal van 32 krediete).
- (4) Kernmodules: Ten minste twee hoofvakke uit die kernmodules ('n totaal van 96 krediete in elke vak $2 \times 96 = 192$ krediete).
- (5) Elektiewe modules: 'n Aantal modules met 'n minimum van 96 krediete wat die student kan kies uit die lys hieronder (par. 4.1.)
- (6) Rekenaargeletterdheid module: (4 krediete)

4. EERSTE STUDIEJAAR

4.1 Kernmodules

Hieronder is die lys van vakke en modules waaruit studente hul twee hoofvakke en elektiewe modules vir die eerste jaar moet kies. (32 x 2=64 krediete)

Vak	Kode	Module	Krediete
Afrikaans en Nederlands	AFN114	Inleiding tot die Afrikaanse taalkunde	16
	AFN124	Inleiding tot die Afrikaanse letterkunde	16
	AFN214	Afrikaanse morfologie en sosiolinguistiek	16
	AFN224	Inleiding tot Nederlands en die Nederlandse letterkunde	16
	AFN314	Afrikaanse sintaksis en semantiek	16
	AFN324	Hedendaagse Afrikaanse letterkunde en sy historiese agtergrond	16
Afrikaans Nie-moedertaalsprekers	AFR114	Basiese Afrikaanse taalpatrone en taalgebruik	16
	AFR124	Basiese Afrikaanse taalgebruikskunde en digvorme	16
	AFR214	Voortgesette Afrikaanse taalleer en taalgebruik	16
	AFR224	Van werklikheid tot Afrikaanse literêre werk	16
	AFR314	Gevorderde Afrikaanse taalleer en taalverskeidenheid	16
	AFR324	Afrikaanse letterkunde sedert Sestig	16
Afrikaans vir die professies	AFP112	Effektiewe luister en lees in Afrikaans	8
	AFP132	Doeltreffende formulering in Afrikaans	8
	AFP122	Tekslogika en -samehang in Afrikaans	8
	AFP142	Oorredingstrategieë in Afrikaans	8

Vak	Kode	Module	Krediete
Antropologie * Module verpligtend indien as 'n hoofvak geneem word	ANT114	Kulturele en rasse-diversiteit in Suider-Afrika	16
	ANT124	Kultuur: 'n begrip van onself en ander	16
	ANT214	Kruis-kulturele studie van sosiale groeperings en politieke praktyke	16
	ANT224	Kruis-kulturele studie van simboliek, religie en lewensbeskouing	16
	ANT314	Kulturele transformasie	16
	ANT324	Etnografie: beginsels en praktyk	16
	*ADL314	Antropologie en Diensleer (Beskikbaar in 2015)	16
Bedryfskommunikasie	BKO114	Inleiding tot joernalistiek	16
	BKO124	Oudio- en oudiovisuele kommunikasie	16
	BKO134	Bemarkingskommunikasie	16
	BKO144	Korporatiewe kommunikasie	16
	BKO154	Besigheidskommunikasie	16
	BKO214	Gevorderde joernalistiek	16
	BKO224	Mediageletterdheid en massa-mediagehore	16
	BKO234	Toegepaste korporatiewe kommunikasie	16
	BKO244	Handelsmerkbestuur	16
	BKO264	Visuele kommunikasie	16
	BKO314	Toegepaste joernalistiek	16
	BKO324	Toegepaste mediastudie	16
	BKO334	Strategiese korporatiewe kommunikasie	16
	BKO344	Geïntegreerde bemarkingskommunikasie	16
	BKT214	Reklamekopieskryf	16
	BKT314	Reklamediskoers	16
Bedryfsiel-kunde	EHRM51305	Inleiding tot menslike hulpbronbestuur	12
	EIOP52305	Inleiding tot individuele verskille	12
	ECAP61406	Loopbaansielkunde	16
	ELRM62406	Arbeidsverhoudinge	16
	ETRG71407	Opleidingsbestuur (Beskikbaar 2014)	16
	EPFM72407	Prestasiebestuur (Beskikbaar 2014)	16

Vak	Kode	Module	Krediete
Drama- en Teaterkuns	Kan slegs as 'n keusevak aangebied word in oorleg met die departementshoof		32
Duits 1B Beginnerskursus	DTS154	Duits vir Beginners I	16
	DTS164	Duits vir Beginners II	16
Duits *Sien voorvereistes	*DTS114	Duitse taal- en kultuurstudie	16
	DTS124	Duitse taal- en kultuurstudie	16
	DTS214	Voortgesette Duitse taal- en kultuurstudie	16
	DTS224	Voortgesette Duitse taal- en kultuurstudie	16
	DTS314	Gevorderde Duitse taal- en kultuurstudie	16
	DTS324	Gevorderde Duitse taal- en kultuurstudie	16
¹ Studente mag slegs hoofstroom Duits (DTS114) neem indien hy/sy reeds Graad 12 Duits suksesvol voltooi het of DTS 164 met 'n minimum van 75% geslaag het			
Ekonomie *Sien voorvereistes	¹ EECF61306	Ekonomiese stelsels en basiese mikro-ekonomie	12
	EECF62306	Inleiding tot makro-ekonomie	12
	² EECS71407	Mikro-ekonomie	16
	³ EECS72407	Makro-ekonomie	16
	EECT71407	Internasionale Ekonomie (Beskikbaar 2014)	16
	⁴ EECT72407	Ekonomiese beleid in Suid-Afrika (Beskikbaar 2014)	16
	⁵ EECM71407	Inleidende Wiskundige ekonomie (Beskikbaar 2014)	16
	⁵ EECM72407	Statistiek vir ekonomie (Beskikbaar 2014)	16
	³ EECS72407	Makro-ekonomie	16
¹ Graad 12, Wiskunde prestasievlak 4 (50%) ² EECF61306 ³ EECF62306 ⁴ EECS72407 ⁵ EBCS51405, EBCS52405, EECF61306 en EECF62306			
English Skills	ENG104	English Skills	16
	EBE112	Business English	8
	EBE122	Business English	8

Vak	Kode	Module	Krediete
English	ENG114	The English language: academic discourse and usage; An introduction to the novel and short fiction	16
	ENG124	Introduction to Drama and Poetry in English	16
	ENG214	English pragmatics; Drama and poetry in English	16
	ENG224	An introduction to linguistics; Prose fiction in English	16
	ENG314	An introduction to sociolinguistics; Drama and poetry in English	16
	ENG324	Sociolinguistic approaches: Theory and application; Prose fiction and an introduction to literary theory	16
Filosofie	WYS114	Inleiding in filosofie. Historiese en begripsmatige oorsig van die klassieke Griekse en Romeinse filosofie	16
	WYS124	Die Kerkvaders en die Middeleeue: Historiese en begripsmatige oorsig	16
	WYS214	Vroegmoderne en moderne denke. Van Ockham tot die Franse Rewolusie	16
	WYS224	Kant en Hegel: Tussen Duitse Idealisme en die Romantiek	16
	WYS314	Temas in eietydse kontinentale filosofie: Kritiese Teorie, Fenomenologie en Dekonstruksie	16
	WYS324	Filosofie in Afrika, multikulturalisme en die politiek van identiteit	16
Frans *Sien voorvereistes	FRN114	Inleiding tot Franse taal- en kultuurstudie	16
	¹ FRN124	Inleiding tot Franse taal- en kultuurstudie	16
	² FRN214	Intermediêre Franse taal- en kultuurstudie	16
	³ FRN224	Intermediêre Franse taal- en kultuurstudie	16
	⁴ FRN314	Gevorderde Franse taal- en kultuurstudie	16
	⁵ FRN324	Gevorderde Franse taal- en kultuurstudie	16
¹ FRN 114 ² FRN114 en FRN 124 ³ FRN114, FRN124 en FRN214 ⁴ FRN214 en FRN224 ⁵ FRN 314.			

Vak	Kode	Module	Krediete
Suid-Afrikaanse Gebaretaal *Sien voorvereistes	GBT114	Basiese grammatika, taalverwerwing, linguistiek en Dowekultuur	16
	GBT124 ¹	Sinstruktuur, situasiedialoog, Dowekultuur en geskiedenis	16
	GBT214	Gevorderde grammatika, taalverwerwing, linguistiek, Dowekultuur en geskiedenis	16
	GBT224 ²	Gevorderde grammatika, taalverwerwing, linguistiek, Dowekultuur en geskiedenis	16
	GBT314	Gevorderde grammatika, diskoers, linguistiese analise, Dowekultuur en bemagtiging	16
	GBT324 ³	Gevorderde grammatika, diskoers, linguistiese analise, Dowekultuur en bemagtiging	16
¹ GBT114 ² GBT214 ³ GBT314			
Geografie * Sien voorvereistes	¹ GEO114	Inleiding tot Fisiese Geografie	16
	² GEO124	Inleiding tot menslike geografie en kartografie	16
	³ GEO214	Stedelike Ontwikkeling	16
	² GEO234	Prosesgeomorfologie en geomorfologiese gevare	16
	² GEO224	Omgewingstudies	16
	⁴ GIS224	Geografiese Inligtingstelsels	16
	⁵ GEO314	Toegepaste stedelike ontwikkeling en ruimtelike transformasie	16
	⁶ GEO334	Omgewingsgeomorfologie	16
	⁶ GEO324	Omgewingsbestuur en -analise	16
	⁷ GIS324	Geografiese inligtingstelsels	16
¹ Graad 12 Wiskunde prestasievlak 4 ² GEO114 ³ GEO124 ⁴ GEO114 en GEO124 ⁵ GEO214 ⁶ GEO224 ⁷ GIS224			

Vak	Kode	Module	Krediete
Geskiedenis	GES114	Inleiding tot die twintigste-eeuse geskiedenis van Suid-Afrika en Afrika	16
	GES124	Twintigste-eeuse wêreldgeskiedenis	16
	GES214	Die opkoms van nasionalisme in Suid-Afrika en Afrika en die weerstand daarteen	16
	GES224	Twintigste-eeuse globale botsings	16
	GES314	Op weg na die nuwe Suid-Afrika en die Afrika-Renaissance, c.1976-2000: 'n historiese perspektief	16
	GES324	Hoe om geskiedenis te maak	16
Grieks *Sien voorvereistes	GRK114	Inleiding tot Nuwe Testamentiese Grieks (agtergrond, grammatika en leeswerk)	16
	¹ GRK124	Voortsetting van Nuwe Testamentiese Grieks (agtergrond, grammatika en leeswerk)	16
	² GRK214	Leeswerk uit Griekse tekste (Hellenisties) met toegepaste grammatika en semantiek	16
	³ GRK224	Leeswerk uit Griekse tekste (Hellenisties en/of Klassiek) met toegepaste grammatika en stilistiek.	16
	⁴ GRK314	Griekse leeswerk: Hellenistiese tekste	16
	⁴ GRK334	Griekse retoriek met toespitsing op Hellenistiese en Klassieke Grieks	16
	⁴ GRK324	Griekse leeswerk: Klassieke tekste	16
	⁴ GRK344	Inleiding tot die teks en inhoud van die Septuagint en Joods-Hellenistiese literatuur	16
1. GRK114 is 'n voorvereiste 2. GRK114 en GRK124 of GRK108 is voorvereistes 3. GRK214 is 'n voorvereiste 4. GRK214 en GRK224 is voorvereistes			

Vak	Kode	Module	Krediete
Godsdiens-kunde	GDD114	Religie en sosiale omgewing	16
	RLO122	Oorsig oor godsdiens in Suid-Afrika en onderrig van religie in die primêre en intermediêre fase	8
	GDD142	Inleiding tot Godsdienskunde en ontwikkelinge in Godsdienskunde deur die eeue	8
	RLO142	Oorsig oor Godsdiens in Suid-Afrika en onderrig van religie in Senior en VOO-fase	8
	GDD214	Die Christelike godsdiens	16
	GDD224	Afrika-Inheemse Godsdiens en Afrika-Inheemse Kerke	16
	GDD314	Hindoeïsme en Boeddhisme	16
	GDD324	Judaïsme en Islam	16
Hebreeus *Sien voorvereistes	HEB114	Grammatika van Bybelhebreeus	16
	¹ HEB124	Grammatika van Bybelhebreeuse Prosa	16
	² HEB214	Grammatika van Bybelhebreeuse Profetiese Tekste	16
	³ HEB224	Bybelhebreeus in sy Antieke Konteks	16
	⁴ HEB314	Bybelhebreeuse Poësie	16
	^{4/5} HEB334	Grammatika van Ugarities (word 2014 ingefaseer)	16
	⁴ HEB354	Antieke Vertalings van die Hebreeuse Bybel	16
	^{4/5} HEB324	Grammatika van Bybelaramees	16
	^{4/5} HEB344	Grammatika van Sories	16
	⁴ HEB364	Moderne vertalings van die Hebreeuse Bybel	16
1. HEB114 is 'n voorvereiste 2. HEB108 of HEB114 en HEB124 is 'n voorvereiste 3. HEB214 is 'n voorvereiste 4. HEB214 en HEB224 voorvereistes; studente wat HEB214 met 70% of meer slaag, mag aansoek doen vir toelating tot derdejaar Hebreeus-modules. 5. HEB314 (Bybelhebreeuse Poësie) en HEB334 (Grammatika van Ugarities) word in alternatiewe jare aangebied, asook HEB324 (Grammatika van Bybelaramees) en HEB344 (Grammatika van Sories). 'n Student wat die aangewese module drup moet registreer vir die alternatiewe module in die volgende jaar			

Vak	Kode	Module	Krediete
Antieke Mediterreense Mitologie	KMT112	Antieke Mediterreense mites: die ontstaan van mites; skeppingsmites	8
	KMT132	Antieke Mediterreense mites: gode, helde en monsters	8
	KMT122	Mites in die Antieke Mediterreense letterkunde: Gilgamesh, Homeros en Vergilius	8
	KMT142	Nawerking van Antieke Mediterreense mites in kuns, musiek en letterkunde	8
	ABE214	Alledaagse lewe; Spele en feeste	16
	ABE224	Antieke Mediterreense kuns en argitektuur; Godsdien en magie	16
	ABE314	Randfigure: vroue, kinders en slawe; die vrou in die mite.	16
	ABE324	Antieke Mediterreense letterkunde en retoriek	16
Kommunikasiekunde	KOM114	Inleiding tot verbale en nieverbale kommunikasie	16
	KOM124	Interkulturele kommunikasie	16
	KOM214	Oorredingskommunikasie	16
	KOM224	Kommunikasie - navorsing	16
	KOM314	Toegepaste kommunikasieteorie	16
	KOM324	Ontwikkelingskommunikasie	16
	KOM334	Kommunikasiereg en -etiek	16
Kriminologie * Modules verpligtend indien dit as 'n hoofvak aangebied word	*KRM114	Inleiding tot Kriminologie en Viktimologie	16
	*KRM124	Kontemporêre misdaadvraagstukke in S.A.	16
	*KRM214	Teoretiese fundering van straffoemeting	16
	*KRM224	Praktiese straffoemeting	16
	*KRM314	Misdaadveroorsaking	16
	KRM324	Jeugmisdaad	16
	*KRM344	Misdaadverwante navorsing	16

Vak	Kode	Module	Krediete
Kunsgeskie-denise en Visuele Kultuur-studie	KGK114	Retrospeksie op kuns en kunsgeskiedenis	16
	KWS124	Die bestudering van visuele kultuur en media	16
	KGK214	Visuele kuns en fiktiewe wêreld	16
	KGK224	Objekte, voorstellings en vertolkings in Afrika	16
	KGK314	Verkenningstogte in komplekse ruimtes	16
	KGK324	Film en die verbeelde stad	16
Latyn	LAT108	Elementêre Latynse taal- en letterkunde en kultuuragtergrond	32
	LAT214 ¹	Latynse taalkunde, prosa en kultuuragtergrond	16
	LAT224 ²	Latynse, prosa, poësie en kultuur-historiese agtergrond	16
	LAT314 ³	Latynse letterkunde: Die Goue Eeu	16
	LAT324 ³	Latynse letterkunde en Romeinse geskiedenis: Die Silwer Eeu	16
¹ . LAT108 ² . LAT108 en LAT214 ³ . LAT214 en LAT224			
Linguistiek	LIN114	Inleiding tot die linguistiek	16
	LIN214	Taal en samelewing	16
	LIN224	Taal en kultuur	16
	LIN314	Filosofie van taal	16
Menslike Bewegings-kunde	MBW112	Bewegingsontwikkeling	8
	KIN114	Avontuurgebaseerde ervaringsleer en spanbou	16
	KIN122	Terapeutiese rekreasie	8
	KIN124	Motoriese leer en liggaamspostuur	16
	MBW132	Groei en ontwikkeling	8
	KIN214	Elementêre aspekte van voeding	16
	MBW214	Filosofie en sosiologie van sport en rekreasie	16
	KIN222	Bewegingspsigologie	8
	MBW224	Sportbeterings en rehabilitasie	16
	KIN312	Perseptueel-motoriese leer	8
	MBW312	Rekreasie Programbeplanning	8

Vak	Kode	Module	Krediete
Menslike Bewegings-kunde	KIN314	Sport- en Fasiliteitsbestuur	16
	MBW322	Navorsingsmetodologie	8
	KIN324	Ergonomika	16
	KIN332	Welstand	8
	KIN342	Afrigtingskunde	8
	KIN352	Oefenfisiologie	8
	KIN102	Samelewingsdiens	8
Ondernemings-bestuur *Sien voorvereistes	EBUS51305	Besigheidsfunksies	12
	EBUS62406	Algemene Bestuur	16
	EBUS61406	Kern besigheidsaktiwiteite	16
	EBUS63406	Handelsmerkbestuur	16
	EBUS64406	Innovasiebestuur	16
	EBUS66406	Persoonlike verkope	16
	¹ EBUS75407	Strategiese bestuur (Beskikbaar 2014)	16
	EBUS77407	Kleinsakebestuur (Beskikbaar 2014)	16
	² EBUS79407	Strategiese bemarking (Beskikbaar 2014)	16
	EBUS74407	Entrepreneurskap (Beskikbaar 2014)	16
	EBUS76407	Finansiële bestuur (Beskikbaar 2014)	16
Politieke Wetenskap	PTW114	Inleiding tot die politiek	16
	PTW124	Inleiding tot wêreldpolitiek en globale regeerkunde	16
	PTW144	Inleiding tot regeerkunde en transformasie	16
	PTW214	Globalisering en wêreldpolitiek	16
	PTW234	Samewerkende regering en verkiesingspolitiek	16
	PTW224	Regeerkunde en politieke transformasie in Afrika	16
	PTW244	Politiek, die reg en internasionale organisasies	16
	PTW314	Veiligheids- en konflikstudies	16
	PTW334	Politieke risiko-analise en strategiese beplanning	16
	PTW324	Ideologie en politieke teorie	16
	PTW344	Internasionale politieke ekonomie	16

Vak	Kode	Module	Krediete
Sesotho Nie-moedertaal-sprekers	SSO112	Sesotho in S.A. en artikulering van Sesotho spraakklanke	8
	SSO132	Basiese sinstrukture in Sesotho	8
	SSO122	Gevorderde sinstrukture in Sesotho	8
	SSO142	Gespreksituasies in Sesotho	8
	SSO212	Werkwoordverbuigings	8
	SSO232	Lees en begrip in Sesotho	8
	SSO222	Sinstipes en tydsverwysings in Sesotho	8
	SSO242	Kreatiewe skryfwerk in Sesotho	8
	SSO312	Gesegdes en idiomatiese uitdrukkings in Sesotho	8
	SSO332	Kort narratiewe prosa in Sesotho	8
	SSO322	Volksverhale in Sesotho	8
	SSO342	Sesotho taal en kultuur	8
Sesotho Moedertaal-sprekers	SSM112	Mondelinge tradisie in Sesotho	8
	SSM132	Sesotho-taalkunde: fonologie en morfologie	8
	SSM122	Sesotho Mondelinge tradisie: tematiese analise	8
	SSM142	Sesotho-taalkunde: sintaksis en semantiek	8
	SSM212	Diskoersanalise in Sesotho	8
	SSM232	Narratiewe prosa in Sesotho	8
	SSM222	Sosiolinguistiek in Sesotho	8
	SSM242	Sesotho Drama	8
	SSM312	Historiese ontwikkeling van Sesotho as 'n funksionele taal	8
	SSM332	Heroïese poësie in Sesotho	8
	SSM322	Terminografie en leksikografie in Sesotho	8
	SSM342	Moderne poësie in Sesotho	8

Vak	Kode	Module	Krediete
Sielkunde	PSY112	Inleiding tot Sielkunde	8
	PSY152	Positiewe Sielkunde	8
	PSY124	Fisiologiese basis van gedrag	16
	PSY212	Psigopatologie	8
	PSY232	Persoonlikheidsielkunde	8
	PSY224	Ontwikkeliingsielkunde	16
	PSY312	Sosiale Sielkunde	8
	PSY332	Terapeutiese Intervensie	8
	PSY324	Navorsingsmetodologie	16
Sosiologie	SOS114	Inleiding tot die sosiologiese verbeelding	16
	SOS124	Sosiale instellings en sosiale verandering	16
	SOS214	Die sosiologie van ontwikkelende samelewings	16
	SOS234	Die sosiologie van die gesin en huishoudelike lewe	16
	SOS244	Bevolkingsdinamika en omgewingsvraagstukke	16
	SOS224	Bedryfsosiologie	16
	SOS314	Sosiologiese teorie	16
	SOS324	Sosiale navorsing en -praktyk	16
Taalpraktyk	TPP114	Inleiding tot vertaling	16
	TPP124	Rekenaargesteunde vertaling en terminologiebestuur	16
	TPP144	Taalbeleid, taalregte en die taalprofessie	16
	TPP244	Dokumentontwerp en webwerfontwikkeling	16
	TPP224	Die teorie en praktyk van kreatiewe vertaling	16
	TTP234	Die professionele, kulturele en sosiolinguistiese aspekte van tolking	16
	TPP314	Die teorie en praktyk van die vertaling van algemene kommunikatiewe tekste	16
	TTP364	Tolking (Teorie en praktyk)	16

Vak	Kode	Module	Krediete
Wiskunde *Sien voorvereistes	¹ WTW114	Calculus	16
	¹ WTW134	Calculus	16
	WTW124	Algebra en differensiaal-vergelykings	16
	WTW214	Vektoranalise	16
	WTW262	Rye en reekse	8
	WTW236	Wiskundige modellering	24
	WTW252	Rekenaarwiskunde	8
	WTW224	Lineêre algebra	16
	WTW244	Gewone differensiaal-vergelykings	16
	WTW262	Rye en Reekse	8
	WTW282	Lineêre Algebra Algoritmes	8
	WTW314	Komplekse analise	16
	WTW334	Diskrete Wiskunde	16
	WTW354	Fourier analise	16
	WTW374	Numeriese analise	16
	WTW324	Reële analise	16
	WTW344	Algebra	16
	WTW364	Optimering	16
	WTW384	Dinamiese Stelsels	16

4.2 Fundamentele modules

4.2.1. 'n Keuse van een verpligte taalvak ('n totaal van 32 krediete) uit die volgende:

Vak	Kode	Module	Krediete
Afrikaans en Nederlands Moedertaal-sprekers	AFN114	Inleiding tot die Afrikaanse taalkunde	16
	AFN124	Inleiding tot die Afrikaanse letterkunde	16
Afrikaans Nie-moeder-taalsprekers	AFR114	Basiese Afrikaanse taalpatrone	16
	AFR124	Basiese Afrikaanse taalgebruikskunde en digvorme	16
Duits 1B Beginnerskursus	DTS154	Duits vir Beginners I	16
	DTS164	Duits vir Beginners II	16
Duits *Sien voorvereistes	¹ DTS114	Duitse taal- en kultuurstudie	16
	DTS124	Duitse taal- en kultuurstudie	16
¹ Studente mag slegs hoofstroom Duits (DTS114) neem indien hy/sy reeds Graad 12 Duits suksesvol voltooi het of DTS 164 met 'n minimum van 75% geslaag het			

Vak	Kode	Module	Krediete
English Skills	ENG104	English Skills	16
	EBE112	Business English	8
	EBE122	Business English	8
English	ENG114	The English language: academic discourse and usage; An introduction to the novel and short fiction	16
	ENG124	Introduction to Drama and Poetry in English	16
Frans *Sien voorvereistes	FRN114	Inleiding tot Franse taal- en kultuurstudie	16
	¹ FRN124	Inleiding tot Franse taal- en kultuurstudie	16
¹ FRN114			
Suid-Afrikaanse Gebaretaal *Sien voorvereistes	GBT114	Basiese grammatika, taalverwerwing, linguistiek en Dowekultuur	16
	GBT124 ¹	Sinstruktuur, situasiedialoog, Dowekultuur en geskiedenis	16
¹ GBT114			
Grieks *Sien voorvereistes	GRK114	Inleiding tot Nuwe Testamentiese Grieks (agtergrond, grammatika en leeswerk)	16
	¹ GRK124	Voortsetting van Nuwe Testamentiese Grieks (agtergrond, grammatika en leeswerk)	16
¹ GRK114			
Hebreeus *Sien voorvereistes	HEB114	Grammatika van Bybelhebreeus	16
	¹ HEB124	Grammatika van Bybelhebreeuse Prosa	16
¹ HEB114			
Latyn	LAT108	Elementêre Latynse taal- en letterkunde en kultuuragtergrond	32
Linguistiek	LIN114	Inleiding tot linguistiek	16
	LIN214	Taal en samelewing	16
	LIN224	Taal en kultuur	16
Sesotho Nie-moedertaal-sprekers	SSO112	Sesotho in S.A. en artikulering van Sesotho spraakklanke	8
	SSO132	Basiese sinstrukture in Sesotho	8
	SSO122	Gevorderde sinstrukture in Sesotho	8
	SSO142	Gespreksituasies in Sesotho	8

Vak	Kode	Module	Krediete
Sesotho Moedertaal- sprekers	SSM112	Mondelinge tradisie in Sesotho	8
	SSM132	Sesotho Taalkunde: fonologie en morfologie	8
	SSM122	Sesotho Mondelinge tradisie: tematiese analise	8
	SSM142	Sesotho Taalkunde: sintaksis en semantiek	8

4.3 Elektiewe modules

Studente kan 'n verdere aantal modules kies (Totaal van 32 krediete vir die eerste jaar), soos gelys onder paragraaf 4.1.

4.4 Verpligte vaardigheidsmodules

Kode	Module	Krediete
ABV112	Algemene Beredeneringsvaardighede	8

4.5 Verpligte inleidende module (16 krediete)

Kode	Module	Krediete
UFS101	Voorgraadse Kernkurrikulum	16

4.6 Rekenaargeletterdheid

